# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Die nuwe lewe in Christus: (4) Die Lewe is Aanbidding

**Skriflesing:**
Numeri 6:1-27
(2020)

**Teksvers**:
Numeri 6:2-4

**Sing**:
Ps 48:1, 4
Ps 65:2, 3
Ps 34:2, 6, 8
Ps 66:6, 7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Sommige mense reken om te lewe is om alles te doen en alles te besit wat jou hart begeer. Op die oog af lyk dit begeerlik en op die oor klink dit reg, maar in die hart bly dit leeg. Indien jy egter nie van beter weet nie, sal dit nie 'n slegte ambisie wees nie.

Die Here se Woord leer ons egter dat die lewe baie meer is as wat ons besit. Dit gaan oor wie ons is. Dit is makliker gesê as om te doen. Om so te leef dat jou hele lewe aanbidding is.

Daarvoor het die Here 'n uitsonderlike gelofte toegelaat, die van Nasireërskap. 'n Vrywillige toewyding aan die Here as voorbeeld van 'n lewe van aanbidding.

**SONDAGAAND 18:00**

## Die Lof van die Here vul die ewigheid

**Skriflesing:**
Openbaring 14:1-5
(2020)

**Teksvers**:
Openbaring 14:1-2

**Sing**:
Ps 138:1, 3
Ps 46:1, 2, 4.
Sb 8-3:1, 2, 3, 4, 5
Ps 103:3, 11
Ps 150:1, 2, 3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die hemel is gevul met almal wat Hom loof en prys. Dag en nag word sy lof besing en sy heerlikheid en eer geprys. Dit is so besonderse taak, dat dit die volheid van die werk omvat van almal wat in die hemel is. Die lof van God vul die ewigheid.

Dit is die lof waarvoor ons voorberei om saam met al die heiliges te mag deel. Dit mag ons reeds hier op aarde doen. Ons lofsange begin reeds hier op aarde en duur tot in ewigheid.

*Jy my siel, loof jy Hom bowenal*!




# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 49 Nr 35 27 Okt 2024**


## Die lewe is aanbidding

Vita Est Adoratio

Die lewe is aanbidding – dit is wat hierdie bekende spreuk beteken. Die hele lewe is om God te aanbid. Elke dag is soos 'n erediens wat die hele bestaan van ons menswees omsluit. Ons aanbid God nie net op 'n Sondag of as ons kerk toe gaan nie, maar in elke gedagte en woord en daad. Ons hele lewe is 'n toewyding aan God.

In ons Christelike dissipline van 'n nuwe lewe in Christus word hierdie aspek die middelpunt wat ons hele lewe dryf. God wil hê dat ons hele lewe 'n aanbidding moet wees van Hom. Dat Hy regeer oor alle sfere van die lewe. Natuurlik is die erediens sentraal in aanbidding, maar aanbidding strek baie verder as net die erediens. Dit is wat ons leef en beleef in die erediens wat ons help dat ons hele lewe aanbidding word.

U weet mos wat soms gebeur met ons kinders en jongmense, dat hulle 'n ikoon het wat hulle lewe inspireer. Dan sal jy sê jou kind aanbid die grond waarop daardie persoon loop. Dit beteken dat daardie persoon so groot invloed uitoefen dat jou kind se gedrag verander.

Die Bybel leer ons dat ons God so moet aanbid. Ons moet in verwondering wees oor ons Maker. Jy moet Christus navolg in elke aspek van jou lewe. In jou stiltetyd en Bybelstudie, in jou gebed en gemeenskap van geloof sowel as in jou diensbaarheid en belydenis van geloof. Ons word wat ons aanbid. Dit verander jou menswees. Jou aanbidding heilig jou. As jy mammon aanbid, word dit jou lewe. As jy bachus aanbid lyk jou lewe naderhand so. Maar so ook as Jy die Drie-enige God aanbid, dan vertoon jy die beeld van God in sy geregtigheid en heiligheid en waarheid. Jy dra die vrug van die Gees.

Onthou dan, jou liggaam is 'n tempel, 'n plek van aanbidding. Laat God jou verander deur die vernuwing van jou denke, sodat jy sy heilige wil mag volbring deur jouself te stel as 'n lewende, heilige en welgevallige offer aan Hom, dit is ons redelike godsdiens.

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

*Die nuwe lewe in Christus!*

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 24, Ps 107:1 Volgende week: Les 25, Ps 68:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Die Wyse en Dwase Manne, Ps 33 Volgende week: Die Tien Melaatses, Ps 33

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **EVK-projekte** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Lydia's Heart Uitreik projek: Peiling

Die doel van hierdie berig is om u in te lig van 'n projek wat onlangs van stapel gestuur is en wat onder die Susters van die Gereformeerde Kerke se aandag gebring is.

Dit is 'n beskeie uitreik aksie, wat gedoop is '*Lydia's Heart*' (meer inligting sal aan belangstellendes verskaf word), van 'n gewone vrou na haar gemeenskap en ook die buiteland. Dit is 'n hekel hartjie boekmerk uitreik aksie wat begin is in 2022.

Indien u belangstel kontak:
Heila van Wyk 083 316 3781.

## Wyse Gryses

Ons sluit die jaar se aktiwiteite DV af op Maandag **4 November** 2024
om **12:00**
by **Oppi Stoep** Konferensie Sentrum,
Basdenlaan 190

Na 'n gepaste programmetjie gaan ons gesellig saam kuier en eet.
Koste is R120 per person (nie-lede). Lede wie se ledegeld betaal is slegs R20.

Bevestig asb u bywoning by:
Ina Nel (083 408 7811),
Rika Hoffman (072 691 7675) of
Liesje Kuperus (083 481 1160)
Almal hartlik welkom!

VANDAG
IS EEN VAN "DAAI" DAE...
VAT ASSEBLIEF
MY HAND HERE.
STAP SAAM MET MY.
HOU MY STERK.
EK HET DIT NODIG...

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**27 Okt**
Christine Strydom A4
Petra Terblanché B2
Lené vd Walt C8

**3 Nov**
Kobie vd Merwe A15, A17
Helena du Plessis A8,9,11,14
Liesel Badenhorst C3

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143
of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **18 Nov 2024**

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/ verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Drieslaapkamerhuis te huur** in Celtisdal. 1km vanaf Laerskool Wierdapark. Beskikbaar vanaf Nov/ Des 2024. Charlotte Fourie 0834099080.

**Meenthuis te huur** in rustige kompleks, Doringkloof. 3 sk, 2 bk, toegeboude stoep, dubbel motorhuis, gevestigde tuin met volledige solarstelsel. Geen troeteldiere. Beskikbaar vanaf Nov/Des 2024. Nelly Silvis 082 921 4904.

**Millstream Dullstroom eenheid** (4 persone) beskikbaar:13-20 Des- R7 000; 20-27 Des- R8 000. Braai, visvang, tennis, perdry, stap, verhitte onderdak swembad, wifi. Rina Venter 071 403 4143.

**Voetversorging** – eelte, ingroei toonnaels, liddorings en skuur van hake, ligte voetmassering, knip en verf naels. Dames en mans R220, pensionarisse R170. Ansie Kruger 072 063 1062 te La Vie Aftree-oord.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het.**


## Eljada Huis

Baie dankie vir almal se bydraes vir Eljada Huis ! Dit word opreg waardeer!

Vir die komende vakansie benodig hulle egter addisionele kos.

Dink aan hulle as julle inkopies gaan doen en plaas die skenkings in die trollie onder die Olyfboom.

Liesje Kuperus 083 481 1160



Gereformeerde Kerk Centurion

Sondag, **10 November, 2024**

**16:30 – Dinosourusse en die Bybel**

Pieter le Roux – CMI spreker

Nooi jou familie en vriende!



## Tieners!



Kom kuier Sondag 3 November na die oggenddiens in die grot. Ons hou ook ons afsluiting die aand met Roomys op die dak.

## GTA – Tieners en Gesinne



Boskopdam – Seilnaweek

**5-8 Desember 2024**

Kontak ds Maarten

**voor 27 Okt**

indien jy wil saamgaan



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 27 Okt | David | Loock | B13 | 27713303684 |
| | Jakes | vd Merwe | A14 | 27620150635 |
| 28 Okt | Hannes | Pieters | C07 | 27828289701 |
| | Tinus | Potgieter | B01 | 27829022841 |
| | Cathy | Smit | C15 | 27833763912 |
| | Johan | vd Walt | C11 | 27825775993 |
| 29 Okt | Gerrie | Kruger | B17 | 27825768837 |
| | Petra | Sullivan | B15 | 27828222321 |
| 30 Okt | Annemarie | Alberts | B07 | 27829257623 |
| | Gerda | du Plessis | B04 | 27828591257 |
| | Hercules | du Plessis | B10 | 27823376837 |
| | Johan | Loock | B13 | 27823317277 |
| | Lena | Malan | C01 | 27834577294 |
| | Rika | Raubenheimer | C13 | 27672770842 |
| 31 Okt | Riaan | Fouché | A13 | 27833395629 |
| | Karen | Rebel | A01 | 27846100170 |
| | Jacques | Stephens | C10 | 27605265285 |
| 01-Nov | Tryna | Cronje | A16 | 27837258111 |
| | Ruben | Strydom | A04 | 27662527630 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30 Okt | Joshua | Barnard | B11 | 27277168361 |
| | Miané | Barnard | B11 | 27716836127 |
| | Ruben | Barnard | B11 | 27716836127 |
| 31 Okt | Janél | Breed | A08 | 27798834776 |
| 01-Nov | Lienke | vd Walt | A10 | 27768214871 |
| 02-Nov | Annick | Nel | B01 | 27828800797 |

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: Numbers 6:1-27

Rev Lourens Venter

# Ons gee om vir Mekaar

***"…God ontferm Hom oor ons."** Ps. 116:5*

- Marcel Wilson ondergaan komende week 'n oprasie te Urologiese Hospitaal (E1—643 0441).
- Hannelie Grobler sterk aan na 'n oogoperasie (B18—644 1512).
- Johannes Kruger sterk aan in Fourways Life hospitaal (A18—082 948 8739).
- **Meelewing** word betuig met Fanie en Petro Krynauw en familie na die afsterwe van Petro se moeder.

## Gemeentevergadering

Op **Sondag, 27 Oktober** word 'n gemeentevergadering gehou voor die oggend-erediens waarby die beplanning van 2025 aan die lidmate deurgegee gaan word.

## Hervormingsondag



27 Oktober 2024

Gesamentlike aanddiens

om 18:00

Die program sluit samesang tot eer van God in.

Almal welkom!!